TJOKKIE-brokkies!

Uitgawe: 1/2/2018 **Datum: 13 April 2018**

Uit die kantoor:

Ons jubel oor die reën van die afgelope tyd wat ‘n absolute genade van BO is. Nie net doen dit wonders vir ons natuur nie en lyk die skool se grasperke weer soos in die ou dae nie, maar dit doen ook wonders aan ons mense se gemoedstoestand. Ek ervaar sommer ‘n opgewondenheid en ‘n lus vir die lewe.

Toere, toernooie en klinieke
Baie dankie aan al die onnies wat gedurende die laaste week van verlede kwartaal en die vakansie hard gewerk het om ons kinders gereed te kry vir die seisoen se ligas. Dankie aan elke ouer vir u finansiële steun en ondersteuning langs die velde.

Graad 1 Tjokkiedag
Saterdag neem daar 30 netbalspanne en 24 rugbyspanne deel. Dis die outjies se eerste wedstryd en ek kan net dink hoe opgewonde hulle en u is. Soos altyd sorg die ouerkomitee vir heerlike verversings. Kom geniet die dag hier by Tjokkies.

Kapitaalprojekte
Ons het skadunette voor die graad 1 klasse aangebring. Ons is nog in die proses om kunsgras onder dit te lê. Alles deel van ons waterslim planne.

Daar is ook plaveisel op strategiese plekke gelê en ons glo die verbeteringe sal waarde toevoeg tot die beeld van ons skool.

BELANGRIKE DATUMS

13 April. Die leerlinge ontvang vandag hulle kwartaalverslae en die ligabepalings is aangeheg by vandag se nuusbrief.

14 April: Behalwe die Graad 1 rugby- en netbaldag wat by ons plaasvind, is daar ook vir die ander ouderdomsgroepe sportdae by buurskole. Kinders wat deelneem ontvang die reëlings skriftelik.

16 April: Die buitemuurs begin volstoom. Die buitemuurse rooster is in die laaste week van verlede kwartaal ge-epos.

17 April: Opleiding vir nuutverkose Beheerliggame.

Kommandovergadering om 17:00
Alle heemraadslede moet asb die vergadering bywoon.

18 April: Rugby- & netballiga @ Jim Fouché (weg). Spelers sal die reëlings ontvang.

18 April: Kleuterskool Ouervergadering om 18:00

23 April: Oueraand van 16:00 – 19:00. Skakel die kantoor vir ‘n afspraak met u klasonderwyser en kom gesels oor u kind se vordering.

27 Apri tot 1 Mei: Langnaweek. Maandag 30 April is ‘n skoolvakansiedag.

4 Mei: Entrepreneursdag vir die seniorfase. Deelnemers se aansoeke sluit Maandag, 16 Apr en moet by mnr Philip ingehandig word.

PERSONEELSAKE

13 April: Me Daleen Vermaak, finansiële beampte verjaar.

16 April: Me Sariana J v Vuuren, Gr 3 keer terug na haar kraamverlof. Veels geluk met die eersteling.

17 April: Me Sanet Horn kleuterskoolassistent verjaar.

Juf Odette v Niekerk het ‘n operasie ondergaan en sal vir 10 dae afwesig wees. Beterskapwense.

PRETDAG

“Save the date” – die prefekte se jaarlikse pretdag vind op 2 Junie plaas en beloof om hope pret in te hou. Meer inligting later.

KONSERT

‘n Konsertbrief is gister gesirkuleer, maak asb seker dat u dit ontvang.

Let asb daarop dat die verwysing vir betaling vir konsertgelde baie belangrik is: Kind se naam en van en klas
<u>Voorbeeld</u>: Gert Smith 7A

Betaling per kind asb, nie per gesin - dit vergemaklik kontrole. Bewys van betaling moet by klasonderwyser ingehandig word.

Nie nodig om die woord “konsert” te noem in verwysing.

LIGABEPALINGS RUGBY EN NETBAL

Datum	Tuisspan	Opponent
18 April 2018	Jim Fouché	Universitas
25 April 2018	Universitas	Willem Postma
2 Mei 2018	Laerskool BFN	Universitas
9 Mei 2018	Universitas	Oranje / Grey A
16 Mei 2018	Grey B Netbal Loslootjie	Universitas Netbal Loslootjie
23 Mei 2018	Fichardtpark	Universitas
30 Mei 2018	Universitas	PBS

SNUFFELS



My School-kaart

Ouers met My School-kaarte moet onthou om dit te gebruik. Elke transaksie dra by sodat die skool 'n ekstra paar rand verdien. Ouers wat nog nie sulke kaarte het nie, kan gerus gaan kyk by: www.myschool.co.za hoe hulle te werk kan gaan om ook hierby in te skakel.

BORGE

Baie dankie aan ons anker borge!
Ondersteun hulle asb.

WISEMAN GROUP

SPAR UNIVERSITAS

CARTRACK
PUTTING YOU IN CONTROL

Yvet Rust
Key Account Manager

53 Zastron Street, Bloemfontein
P O Box 43414, Heuwelsig, 9332
Tel: 051 448 9188 Fax: 086 513 5662 Cell: 082 771 1998
yvet.rust@cartrack.com www.cartrack.com